
# STROOM-OP

KWARTAALBLAD VAN DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EN DIE AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL | SEPTEMBER 1972

# A.H.M. SE VOORTREKKERS PRESTEER PUIK



By die Baasverkennertoetskamp wat die langnaweek in Mei plaasgevind het, het vier van ons dogters as ware voortrekkers uitgeblink. Twee-en-vyftig Verkenners dwarsdeur Transvaal het daar byeen gekom. Die doel van die kamp was om Hoofleierswagte en Presidentverkenners te kies.

Dwarsdeur die dag is toetse afgelê, nie net die praktiese sy van voortrekkers nie, maar ook die teoretiese deel. Selfs dissipline, insig en leierskap was 'n bepalende faktor. Eén van die skool se dogters het die hoogste punte vir die teorietoets behaal. Na die kamp het drie van die vier dogters Hoofleierswagte behaal. Hulle is Cisca van der Straaten, Lynette Geldenhuis en Elizabeth Matthee, almal van die C. de Wet-kommando.

Daar het slegs agtien voortrekkers in Transvaal geslaag as Presidentverkenners. Dit is die hoogste toekenning wat 'n Verkenner kan behaal en aangesien die standaard baie hoog is, beskou ons dit as 'n baie goeie prestasie. Baie geluk aan Mana Matthee wat die toekenning behaal het. Sy is ook van die C. de Wet-kommando!

Hoe lyk dit met die res van die skool om die prestasie te verbeter? Dit is beslis die moeite werd. Al vier die dogters is in st. 10A!

'n Voortrekker.

# DIE BEKER IS WEER TERUG!

Toe die eerste span op hulle kenmerkende manier op die veld hardloop, was die Affies rasend van opgewondenheid. Die eerste afskop was uit en die spanne het in die middel van die veld gesak vir 'n skrum. Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat hierdie 'n klipharde wedstryd sou wees. So was dit dan ook deurentyd. Veral die voorspelers het mekaar opgekeil en albei pakke het verwoed in die losskrums ingeklim.

In die sesde minuut van die eerste helfte haak Abrie du Preez een van sy vyf vasskoppe, Nico laat die bal vinnig na losskakel Konrad le Roux loop, en sy skepskop trek suiwer deur die pale. Die Affies loop 3-0 voor. Nelspruit probeer verbete om die agterstand in te haal, maar dwarsdeur die eerste helfte het Affies 'n klein gebiedsvoordeel. Die voorspelers het met mening gedryf onder die puik leiding van kaptein Roy Earle. André Smit en Robbie Bekker vang ook die oog. Die agterlyn word vinnig deur Nico van Rensburg weggestuur, en veral Ettienne Hugo en L.M. Rosseau val verbete aan maar Nelspruit verdedig meedoënloos. Die bal spring partymaal net verkeerd vir Affies. Nog in die eerste helfte kry Konrad le Roux weer 'n kans om met 'n tweede skepskop die telling 6-0 te maak.



*Hier oorhandig die Administrateur, Mnr. S. van Niekerk, die beker aan die twee kapteins.*

In die tweede helfte weeg die spanne baie goed teen mekaar op. Danksy Robbie Bekker, Hendrik Marx en Vicus Strydom oorheers Affies die lynstane. In die bloedige hitte is dit die Laevelders wat verbete terugveg en tweemaal amper punte aanteken, maar heelagter Gerrie van Zyl verdedig soos 'n rots.

In die twintigste minuut van die tweede helfte val Nelspruit se skrumskakel oor vir 'n drie onder die pale. Dit word maklik vervyf en die telling is 6 elk. Marcel Raath, die eerstespan se baasdriedrukker het almal op hulle voete toe hy in die hoek oorval vir sy een-en-twintigste drie van die seisoen, maar die lynregter beslis dat hy uitgetrap het en daarmee eindig hierdie skitterende botsing ook gelykop. So deel Affies dan die gesogte Administrateursbeker vir 1972 met Nelspruit Hoërskool.

In dié botsing kan net twee uitblinkers uitgesonder word. Eerstens die eerste span. Hulle het soos een man gespeel en daarom kan hulle gesamentlik uitgesonder word. Tweedens die afrigters, mnre. Hennie Kruger en Francois de Vos. Die twee briljante afrigters het die span besiel en geïnspireer en in dié proses het hulle sekerlik 'n klompie aare verloor. Baie geluk aan albei!

Ter afsluiting net hierdie advies aan die jonger manne: Haal af julle hoede vir die verlede en trek uit julle baadjies vir die toekoms. Affies het 'n trotse rekord om hoog te hou.

# KERMIS: 'N GROOT SUKSES!

**IN ANTWOORD op mnr. Terblanche se oproep en groot vertroue wat hy telkens aan ons gestel het en ook soos uiteengesit in die vorige uitgawe van Stroom-op, het die Affies gereageer. Almal, ons goeie ouers veral het met vuur gearbei — aangeblaas deur 'n vaste vertroue in en sterke trotsgevoel op ons skool. Inderdaad soos 'n veldbrand in die droë wintermaande. Steen vir steen het elk sy bydrae gelewer, totdat die eerste kerf bereik is, nl. die fondse benodig vir die ontvangslokaal by ons sportveld.**

Die aanvanklike beplanning is opgestel en aan die skool voorgelê reeds in die tweede kwartaal. Die raamwerk het voorsiening gemaak vir afsonderlike insamelings gedurende die tydpek voor 18-19 Augustus. Veel is aan die klasse se oorspronklikheid oorgelaat waarop hulle reg geantwoord het om reeds voor die kermis die bedrag van R14 000 daar te stel. Die jolige kermis van Vrydag en Saterdag, 18-19 Augustus, het na al die harde werk die totaal maklik verskuif na die fonomenale bedrag van R19 400 waarvan ongeveer R1 400 aan onkostes afgetrek word. Nou lê daar nog die motorkompetisie voor, waarin 'n Chevrolet Constantia uitgeloot word.

Die grootste poging wat net so oorspronklik is as die feit dat dit die eerste groot stap was, is die veelbesproke stokperdjieskou. Die nagenoeg R164 wat 9 ingesamel het en komplimente wat hulle uitgelok het, plaas alleen die kroon op puik organisasiewerk en propaganda.

**Uitgestal kon ons sien 'n weergalose slangversameling, skerpioene uit Thailand ingevoer, vliegtuig- en bootmodelle, gewere, vuurhoutjies, erdeware en vele ander wat die mense se oë laat rek het.**

By 'n ander geleentheid het die mense se oë weer eens gerek. In samewerking met Swakara, die Wolraad en Uniewinkels het 10E 'n opspraakwekkende modevertoning in ons skoolsaal geloods. Die parade is geopen deur Sy Edele Min. S.L. Muller.

**Waardevolle karakoelpelse van verskillende Suid-Afrikaanse ontwerpe het veral aandag getrek. Nuwe somermodes en mansmodes het verder deel van die vertoning uitgemaak.**

Die gewilde groen hempies met die ronde Affies-embleem is nog 'n produk wat die kermis gelewr het as 'n diens aan die skool — **'n unieke idee. Die koshuis het hul identiteit behou deur dieselfde hempie in oranje aan te skaf.**

In die stilligheid het 6A ook gewoeker met 'n lening van R165 van een van hul ouers. Elke leerling het R5 gekry waarmee hy benodigdhede moes aankoop om aan te wend in 'n poging om geld te maak. As die bedrag van die lening verdubbel word, word die lening 'n skenking. Dit was ook die geval en die totale bedrag kom te staan op R425.

**'n Goeie voorbeeld van die klas se optrede was die verkoping van hamburgers of Loftus tydens die wedstryd tussen Noord-Transvaal en Engeland. Nog 'n plan van een van die klasse was om medaljes te laat maak wat vir R5 verkoop is. Die medalje erken die skenking van R5 en getuig van die draer se ondersteuning aan Affies.**

Wat ons almal se honger gestil het, was die klasverkopings tydens pouses. Kenmerkend was die gelenery wat maar altyd geëindig het op 'n ,,Jy het geëet en ons sal betaal'' grondslag.

Ook ons dank aan alle ouers en vriende wat die kollektelyste so goedgunstiglik ondersteun het.

**AFFIES HOU KERMIS — VRYDAG EN SATERDAG. 18 EN 19 AUGUSTUS**

**Uit ons ma's se koskaste het bydraes na die skool gestroom. Die omset van kondensmelk het ongekende tempo verhoog tot voordeel van leerlinge van ons skool. Donkies en trekkers is soggens na die skool toe aangery. Alles in 'n goeie gees.**

**Reëlings is getref vir die tombola, supermark en veiling. 'n Verskeidenheid artikels is gereserveer vir die tombola. Ander tweedehandse artikels is gehou vir die veiling en die nuwe ware vir die supermark.**

**Elke klas het dinge agtermekaar gekry om hul stalletjie aan te bied. Scalectricbane is gebou en alles dui op iets groots.**

Dit begin die middag om 3.00 nm. 'n Regte karnavalgees heers. Musiekjagers sak toe op die gewilde ,,Poster Cave'' vir sorgelose ontspanning tussen al die ,,crazy t gestaan in die slangpark — 'n unieke tentoonstelling, geloods deur dieselfde manne van vroeër die jaar.

Vrydagaand het ons die grootse massavertoning uitgevoer. Na die sprankelende vertoning van gimnaste wat die grote voorafgegaan het, kon die Affies net nie genoeg vuur in hul beweging sit nie.

Saterdagmiddag het die grootste kermis van alle tye geëindig met die blye oomblik in die groot wedstryd teen Tom Naudé.


**DIE KELDER**

**(EDMS.) BPK.**

Amptelike verskaffers van Afrikaanse Hoër Seunskool se voorgeskrewe skooldrag.

**20% KORTING VIR KONTANT**

*Affies verkies altyd hul oudste kleurverskaffers.*

★★★

L.W. Ons adres:

Pretorium-gebou,
Kerkstr.,
PRETORIA.

**FOON 2-7070**


## Aansporing in Eksamentyd

Sy ry op haar fiets skool toe, en sy ry dalk presies dieselfde pad as jy. Sy het 'n pragtige manier van fietsry en sy is onweerstaanbaar mooi van agter. Miskien verdryf sy al die skaduwees uit jou gemoed as jy op 'n Maandagoggend nie jou huiswerk gedoen het nie, of jy voel die hele dag terneergedruk as jy haar op 'n oggend nie sien nie. Maar jou dag is gemaak as sy langs jou stop by die verkeerslig.

Miskien weet jy waar sy woon of wat haar naam is, miskien het jy haar een keer by 'n debat gesien en nou woon jy elke debat by. Heel moontlik het jy al vasbeslote na haar gery, net om op die laaste oomblik moed te verloor en om te draai. Toe het jy haar seker omtrent onderstebo gery, voor 'n motor ingeswaai of jou tas laat val. Sy het toe waarskynlik gesteurd omgekyk en jou na 'n krater laat voel.

Miskien teken jy haar in die Biologieklas, of jy eksperimenteer met haar in die Wetenskapklas. Jy het dalk al haar grafiek geteken in die Wiskundeklas of 'n wonderlike opstel oor haar geskryf. Sy hou jou nagte wakker . . .

Komaan ou mater! Erger as kopaf kan dit nie! Sluip tot binne hoorafstand en sê vir haar hoe warm jy kry of vertel haar van hierdie storie in Stroom-op. Dis 'n goeie teken as sy van haar fiets afval, en nog beter as sy maak of sy jou nie gehoor het nie. Onthou, sy kom uit 'n Meisieskool en sy is ook maar skaam. Die belangrikste is dat die ys dan flenters is. Dan moet jy opskud, die lente is amper verby. 'n Aster is 'n wonderlike aansporing in eksamentyd.

## Kompetisie Uitslag

Met alle bydraes in ag geneem het die klasse teen mekaar meegeding om die gesogte pryse. Individuele pryse is ook toegeken.

**Die Uitslag:**

1. Klas met hoogste insameling: St. 6 A R1324,60
   Prys: Naweek by 'n vakansie-oord van Rondalia.
2. Klas met hoogste insameling per leerling: 10 E R967,99.
   Prys: Naweek by 'n vakansie-oord van Rondalia.
3. Klas met oorspronklikste suksesvolle insameling: Poster Cave van 9F1.
4. Leerling met hoogste insameling: A. van Rooyen R577,58.
   Prys: R30,00.
5. Klas wat meeste ingesamel het tydens pouse verkoping: 8F op 3.5.72. Hamburgers. Bedrag R101,98.

**(LW: Wysh Eid het gesê: ,,Lees kunswerke met aandag en ontsag om sinvolle tyd te bestee . . .")**

# LETTERLIK STROOMOP!

Ons praat toe oor die lewe en die skool — en Stroomop. Skielik, en 'n oomblik van onbesonnenheid, **dink** ons aan — en ons sien daar is fout: Die lewe gaan aan en die skool gaan aan — maar Stroomop het gaan staan.

Op die tafel lê 'n koerant en 'n ,,Perdeby" van 'n broertjie op Universiteit. Ons blaaie deur die koerant en lees deur die Perdeby se vlerke, en gaan slaap.

Voor ek my kan keer, lê ek op die gras langs 'n Stroompie. Ek droom daar dryf 'n stomp in die water en bo-op lê Stroomop en dut. Vanuit die hoogtes kom 'n Perdeby aangevlieg en gaan sit langs Stroomop op die stomp — en hulle dryf — stroomop. Toe Stroomop sy linkeroog oopmaak, begin Perdeby vertel:

,,Jy weet, Stroomop, ek kom mos van die Universiteit af. (Dis die plek waar jy leer om te werk). Ek was skaars 'n paar weke daar, of ek moes leer hoe om myself te laat geld. Ek het my vinnig reggeruk en binne die volgende paar weke het ek so mooi aangepas, dat almal vir my lief geword het."

Stroomop gaap lustig en draai op sy ander sy.

Perdeby: ,,Ek loop toe nou die dag hier verby en sien jou so lusteloos hier lê en ek dink toe: ,Die arme Stroomop, hy kry seker geen inspirasie uit die Stroom nie, en nou lê hy maar net daar om dood te gaan. Ek sal hom beslis moet help!

En dis die doel van my besoek".

Stroomop was sy gesig in die Stroompie en gaan ewe belangstellend regop sit, terwyl Perdeby voortgaan:

,,Ek het gekom om jou te kom raadgee in verband met die voer van 'n sinvolle bestaan. — Jy moet jouself rangskik en indeel, ou Stroomop. Kyk, ek het aan so 'n paar voorbeelde gedink, wat ek uit eie ervaring geleer het. Ek het naamlik my vlerke en litte as volg ingedeel:

1. Die eerste bevat die nuus van die week. Daarin word alle opspraakwekkende besluie van die outoriteite en die nuutste neigings en giere van die onderdane, verhaal. (jy kan so 'n afdeling desnoods onder 'n opskrif ,,Affienuus" of ,,Stroomnuus" rangskik).
2. Dié word geskei van sportprestasies en -neerlae asook verenigingslewe wat beter onder 'n aparte opskrif sal pas. Dit kan verslae oor wedstryde of die toestand van die spelers bevat, maar liefs nie lange lyste bedankings aan die instansies wat die sportsoort subsidieer nie — dit mag die teenoorgestelde geslag verveel.
3. 'n Verdere rubriek wat al die misstande en wanorde verhaal en verbeterings aan die hand doen, of lof uitspreek oor huidige reëlings, kan onder 'n hoed soos ,,Klippie-in-my-skoen" of ,,Beklae die Plae" of anders onder enige ander strooihoed, loop.
4. 'n Volgende briewebus kan die moedeloses of verwoedes raadgee oor lief en leed, of smart in die hart, of tandpyn. Enige titel soos ,,Vra is Vry" of ,,Vra vir Fifi" of ,,Vra die Veearts" of iets oorspronkliks sal dié afskorting kan aandui.
5. 'n Baie interessante en noodsaaklike rubriek, iets heel nuuts vir jou, kan die opinie van enige gesaghebbende, oor **enige** aangeleentheid, bevat. (My ekwivalent is die gereelde ,,Opinie" van geleerdes oor 'n bepaalde aktuele onderwerp in die samelewing). Die betrokke gesaghebbende word dan vooraf genader om 'n volledige referaat oor die bepaalde onderwerp te verskaf, bydra tot die gereelde rubriek ,,Stroomlangs" of ,,Oordenking" of ,,Besin"! of ,,(So) Langs die Stroom . . ." of iets in dier volge.

,,Op gepaste plekke en tye kan jy jou blaaie mt grappies versier en dan ook 'n aparte afdeling vir snaakse ondervindings, waarnemings of denkwyses inrig onder 'n titel soos ,,Opdrifsels" of ,,Stampstamp" ens. (Moet tog asseblief nie 'n ernstige referaat met 'n lastige grap of ,,knock-knock" probeer versier nie — dit sal afbreuk doen.)

,,Ai, ou Stroomop, man, as jy jou nou so ingerig en hier en daar met die nuwe ,,kodakafdrukke" of illustrasies optooi, dink net wat 'n lus vir die oog en prikkeling vir die gees sal jy nie wees nie!" roep Perdeby uit terwyl hy doerrr ver, die hoogtes invlieg.

Stroomop glimlag, klim af van sy afgestompte stomp en ruk sy blaaie reg, terwyl hy kyk hoe Perdeby die hoogtes inskiet — hy het sy inspirasie vir 'n pragstukkie joernaal vir sy stroom.

**ZZZZZZZZZ!!**

Ek word wakker met 'n glimlag van bewondering vir Stroomop in sy nuwe gewaad — maar ag, dit was maar net 'n droom . . .!

G. Venter St. 9

(Hierdie verhaaltjie van ,,Stroomop en Perdeby" verleen sy kopiereg aan Stroomop maar sal net so goed dien as inspirasie vir die moedelose redaksie.) Die Uitgewer: (Stroomboekhandel, Onbeperk.)

# 'n Staaltjie

Dit was in die Junie-vakansie. Soos gewoonlik was Oupa en Ouma by ons vir die vakansie. Aangesien hulle van 'n plaas in die Wes-Transvaal kom, gaan wys ons altyd vir hulle die stad met sy liggies en winkels.

Hierdie keer egter, het ek besluit dat dit tyd is dat hulle my skool moet sien. Oupa het ingestem en ons het stadig met sy ou motortjie deur die verkeer gekruip. Uiteindelik was ons in Bondstraat.

,,Hou stil Oupa," het ek uitgeroep. ,,Kyk, daar tussen die bome is my skool". My hart het geswel van die trots. ,,Alla mintag, my kind, kyk net die pragtige tuin," was Oupa se eerste reaksie. Ja, die dierbare oumense wat nog so naby die natuur leef, het my laat besef hoe ons verby die natuur met al sy skoonheid leef.

Ek het vir Oupa deur die tralies van die hek die bokkie, saal en geboue gewys maar toe ons by die huis kom, was dit tog maar van die tuin waarvan Oupa eerste vir Ouma vertel het.

Komaan Affies, laat ons almal saamstaan om ons terrein pragtig te hou sodat Affies na ons nog vir hulle oupas met trots ons tuin kan wys.

Grietjie van Zyl.
St. 7D.

# WAARVAN HOU DIE AFFIES?

Waarvan hou die Affies?
Dit is nou 'n vraag.
Hul eet tog al te graag
En is dan dikwels traag.

Waarvan hou die Affies?
Wie sou nou kon raai?
Om in die son te lê en braai,
Dan lyk hul neuse nie te fraai!

Waarvan hou die Affies?
Kan jy nou meer!
Hul geniet dit om te leer
en, ,,akademies" te presteer.

Liezie Reyneke
6 E.

# THE MERMAID

Oh!
Beautiful goddess of the sea!
Thy veiled beauty
speak that of waves;
dancing upon each blow
of the cold Atlantic breeze!

And yet
thy soul hast not come to life:
For thou hast become
part of a story —
a story —
veiled and unknown . . .
as thy beauty.

Therefor,
unmatchable daughter of the sun,
Let thy soul
continue to live;
Untill,
in the unknown distance
of future;
The son of the mighty ocean
will come
to share
and unveil . . .
thy beauty.

Cilna van Heerden
St. 9A

VULPENNE
BALPUNTPENNE
EN TEKENAPPARAAT

altyd beskikbaar in groot verskeidenheid by
die
VAN SCHAIK
BOEKHANDEL
SUNNYSIDE — HATFIELD — LYNNWOODWEG

# DIE KRIEKETSEISOEN IS HIER

Die lente het eindelik aangebreek en dis weer tyd vir die „gentleman's game." Die kolf word van die badkamer se gordynrak afgehaal en 'n slag mooi skoon geskuur vir die nuwe seisoen.

Slegte nuus is dat mens nie meer 'n vyfster kolf vir minder as dertig rand kan koop nie. 'n Nuwe vyf en 'n half onsvierstuk Kukkaburra-krieketbal kos nou veertien rand! Juis om dié rede is ons dankbaar vir die apparaat wat deur die krieketklub beskikbaar gestel word vir gebruik.

Krieket is 'n unieke spel in dié opsig dat dit fisiese en geestelike vereistes aan 'n speler stel. In baie sportsoorte is intense konsentrasie 'n basiese vereiste, maar slegs in krieket word dit van 'n speler verlang om vir ure aaneen intens te konsentreer. Onthou, 'n toets duur vyf dae! Die fisiese vereistes van krieket is nie so hoog soos die geestelike nie. 'n Speler hoef nie 'n lang asem of 'n gespierde liggaam te hê nie en die sogenaamde krieket-fikheid kan opgebou word in omtrent 'n halfdosyn lang oefeninge. Die moeilikste deel van die spel is ongetwyfeld die tegniek. Die tegniek is so hoogs gespesialiseerd dat boeke en boeke al oor die basiese beginsels geskryf is. Daar is agtien basiese houe.

Die heel nuutste tegniek, wat van die Engelse beroepskrieket oorgewaai het, is soos volg: die kolwer tree naamlik in die rigting van die paaltjies voordat die bal geboul word, en speel dan vanaf hierdie posisie die hou waarop hy besluit. Deur van hierdie metode gebruik te maak, kom die kolwer makliker in beweging om die hou uit te voer en is dit baie maklik om 'n opslagbal te ontwyk.

Die eerste span beskik vanjaar oor 'n besondere diepte en is van plan om die trofee te gaan haal wat hy verlede jaar gewen het en nooit ontvang het nie.

Aan alle krieketspelers die beste wense vir 'n suksèsvolle seisoen en HOU JOU OOG OP DIE BAL.


Met Komplimente van:

P+S TIMBER

311 VERMEULEN STR.
TEL. 34825/6/7


# SÓ DINK ONS ONNIES

**VRAE:**

(a) Wie is u gewildste aktrise/akteur?
(b) Wie is u gewildste sanger/sangeres?
(c) Wie is u sportheld?
(d) Wie is u volmaakte vrou?
(e) Wat dink u van Afrikaanse Hoër Meisieskool se meisies?

**Mnr. Stals**
(a) Julie Christie.
(b) Richard Tauber.
(c) Gary Player.
(d) dieselfde as✓–♀ d.w.s. bestaan nie.
(e) Gawe meisies!

**Mnr. Bosua.**
(a) Ken nie een nie.
(b) Gé Korsten.
(c) Frik du Preez.
(d) My eie vrou.
(e) Puik!

**Mnr. Bezuidenhout.**
(a) Greta Garbo.
(b) Chaljapin.
(c) Manuel Santana.
(d) Mev. Verwoerd.
(e) Oulike goedjies!

**Mnr. van der Weshuizen.**
(a) (Betekenisvolle glimlag) Enige goedbedeelde een.
(b) Daardie Rus, wie nou weer? Ja, Ivan Rebross.
(c) Fanie van Zyl.
(d) Mev. Verwoerd. (Na 'n bietjie versigtige nadenke) My eie vrou uitgesluit.
(e) Oulik! ('n Lewendige lig in sy oë)

**Mev. Bester.**
(a) Sonder huiwering) Robert Redford.
(b) Neil Diamond.
(c) Dawie de Villiers. (Gelukkige ou!)
(d) My eie man. (Versigtige keuse.)
(e) Bak ouens!

**Mnr. van Rooyen**
(a) Norma Shearer.
(b; Julie Andrews.
(c) Gary Player.
(d) Greta Garbo.
(e) Pragtig!

**Dr. Minnaar.**
(a) Ek raai Sophia Loren.
(b) Schlussnuss.
(c) 'n Affie met 'n bal onder die arm op pad doellyn toe.
(d) My eie vrou.
(e) Lieflik!

# NUUS VAN FRANK LE ROUX

Ons koshuis het tot dusver 'n baie suksesvolle jaar op sport sowel as op sosiale gebied gehad. Oor die akademie sal liewers nie uitgebrei word nie.

Sommer in die begin van die jaar het ons ons staal getoon met die Interhuisatletiekbyeenkoms en ten spyte van die feit dat ons baie minder as die ander was het ons die tweede plek ingeneem. Ons sleutel tot sukses was ongetwyfeld die gees van die ouens asook baie harde oefening.

Aangesien die skool so 'n suksesvolle jaar op rugbygebied gehad het, het die koshuis nie agter gestaan nie en het ons twee spanne van Langenhoven genooi vir wedstryde op ons velde. Ons B-span het onder leiding van Smiley 'n oorwinning van 8-0 behaal. Die A-span wat sonder die eerste span ouens moes klaarkom het werklik skitterend gespeel en 24-3 gewen. Ivor Bergh en Schalk van der Merwe was die Oranjetruie se twee uitblinkers.

Die koshuis het ook gratis tennisafrigting gehad by 'n professionele afrigter en dit het baie bygedra om die seuns se spel te verbeter. Daar word ook met groot verwagting uitgesien na ons jaarlikse tenniskampioenskappe wat weer 'n titaniese stryd aar baie lekker saamgewerk met ons susters oorkant die straat. Ons het Saterdae saam met hulle tennis en tafeltennis gespeel en dit was werklik 'n groot sukses. Ook die interetes wat ons saam met die meisies gehad het, was baie aangenaam en het baie daartoe bygedra om die verhouding met hulle te verbeter.

# THE CATCHING GAME

**The Work Maniac:**
(1) Know the ins and outs on the stock exchange. The price of tractors on the overseas market. The advantages of market research.
(2) See anything you like. You'll rarely succeed in dragging him along.
(3) Talk to yourself and get used to it.
(4) Eat with him whenever he feels like it. It might be your only chance of seeing him.



**The Domesticated Bloke:**
(1) Wear cotton frocks. Aprons.
(4) Eat everything he pops into your mouth. It keeps him at your side. If you happen to count calories, forget it for now and starve yourself right again later.
grow your own vegetables.
(4) Talk about his wonderful new dish.
(5) Reveal your passion for home-grown carrots.
(6) Eat plenty, because this guy can't help but to feed you.

## AAN STROOMOP

As ons tydskrif moet bestaan,
Sal jul vriende, 'n slag moet slaan!
Jul sal moet begin te dig,
en nog ander werk verrig.


Stroomop is 'n goeie blad,
Voorwaar 'n waardevolle skat,
En ons moet werk om hom te hou,
Begin nou werk — dis nooit te gou!

My digkuns is nog lank nie op,
Maar nou sal ek moet stop,
Want, so waar as paddavet,
Daar's nog ander werkies wat ek het!


Liezie Reyneke
6 E



**The Artist:**
(1) Wear way-out gear. Anything from Indian silk to Roman sandals.
(2) Go to Paris. Art shops.
(3) Read all art reviews.
(4) Do some brush-wetting yourself.
(5) Know the meaning of Expressionism.
(6) Talk colour, atmosphere.
(7) Eat everything when you come back to earth.



**The Life of the Party:**
(1) Go to every party you get invited to.
(2) See the way he stands around. Grrr.
(3) Talk — no need to. If you manage to get him concerned, all you have to do is to be all ears.
(4) Eat everything he pops into your mouth. It keeps him at your side. If you happen to count calories, forget it for now and starve yourself right again later.



**Strong and Silent:**
(1) Go to lunch-hour concerts and football matches.
(2) On blind dates, chat him up and don't despair if your strong man stays silent.
(3) Read everything you can lay your hands on. To keep on jabbering you have to have something to jabber about.
(4) Know when to stop jabbering.
(5) Reveal how much you think of him.
(6) See the way he blooms.
(7) Eat when he starts talking.



**The Action guy:**
(1) Wear safari cardigans. Leather pants. Boots.
(2) Go soccer watching.
(3) Read on "How to keep fit" and "Weightlifting for Amateurs" (like you).
(4) Do some camping. Skipping and jogging to keep in trime shape (he might just take you for a hike across the continent!) Yachting too.
(5) Know how to travel on a motorbike without falling off.
(6) See "Kelly's Heroes!"
(7) Eat rump steak. Pronutro. Anything that gives you enough strength to keep up with this tough guy. If you want to keep on trying.



**The Brain:**
(1) Wear something dowdy and concealing. It's the top stuff that counts. The rest is optional. The more of the latter, the less brain space. Or anyway, that's what **he** thinks.
(2) Go to the reference library on Saturday afternoons. Go to lectures on "Chemical Compositions". Prowl around the bookshops in your lunch-hour.
(3) Read the "Financial Mail" and "The Crisis of our Age".
(4) Play chess. Start computer classes.
(5) Know — The dangers of pollution to the generations of the future.
(6) Talk — strictly no nonsense.
(7) Reveal everything you've read since your first opening of a book.
(8) See — "Hamlet".
(9) Eat your favourite gooey stuff. If the pounds creep on, this guy won't notice.

**The Groover:**
(1) Wear the latest gipsy styles. Midis and Maxis. Flowery shirts and tunics. Boots, bullets, chokers, dingles and dangles and pangles. Wear way-out head-bands.
(2) Go to the Market, the Art Centre.
(3) Hang around the discotheque, trying to make up your mind about "Bridge Over Troubled Waters."
(4) Buy your food at a health shop.
(5) Read "Tiger, my Tiger."
(6) Do surfing, Tie 'n' Dye yourself something fabulous.
(7) Get a guitar.
(8) Write poetry.
(9) Know Simon and Garfunkel. Also Woodstock.
(10) Talk low and husky.
(11) Reveal how much you are in love with Life!
(12) Eat and drink goat's milk.




**The Pirate:**
(1) Go places where men like to go. Motor shows. Magazine stands. Restaurants.
(2) Know when to keep quiet and when to say what.
(3) Talk when he feels like it.
(4) Eat plenty.



1. **The Don Juan:**
(1) Wear ultra-feminine clothes.
(2) Go where lots of girls are. That's where your guy loves to be.



# Die Pen is magtiger as die Swaard




# Kom, Skryf Gerus!

## 'n Nuwe Kreet asseblief!

Geagte Redakteur,

Hoewel ons 'n tradisievaste skool is, waarom moet ons nog dieselfde ou kreet hê? Toentertyd het die Affies hom geskreeu maar tye het verander, hoekom verander die bewoording van ons kreet nie dienooreenkomstig nie?

Nie lank gelede nie het ons verneem van Keiser Haile Selassie se verklaring dat hy terroriste teen Suid-Afrika steun. Waarom moet ons nou sy naam luidkeels toejuig? Ons volk staan ook nie meer onder koningin Elizabeth II nie. Ons is nou mos onafhanklik! Waarom moet die kreet dan lui: „Liesbet die tweede skreeu vir die vrede?" Nog 'n sin wat my grief is: „Waarom sê die wêreld so?" Dit het hoog tyd geword dat ons volkie moet doen wat reg en goed is, eerder as om die vyandiggesinde wêreld te bevredig. Dink u nie ook 'n nuwe kreet is nodig nie? Daarom sluit ek met: Staan Vas! Laat daar lig wees.

J.G.R. Kritiek.

## Laat ons manierliker wees

Die Redakteur,

Graag wil ek 'n dringende beroep doen op my mede Affies. As 'n leerling wat voorheen verbonde was aan 'n gemengde skool is die maniere wat die seuns teenoor mekaar openbaar beslis 'n aanstoot.

Kom manne, laat ons 'n bietjie meer bedagsaam teenoor mekaar wees en laat ons meer aandag gee aan ons maniere. Veral wanneer ons tussen klasse wissel en klasse binnegaan. Gee mekaar tog 'n kans!

Aan die positiewe kant. Dankie mede Affies en onderwysers vir 'n wonderlike jaar in Affies.

'n Matriekleerling.

## Reorganiseer die Leerlingraad

Waar is die dae wat 'n std. 6 nog 'n std. 6 was en 'n matriek 'n matriek? Almal doen net weg met ontgroening, min besef hulle dat hulle van hierdie skool 'n „pap" inrigting maak. Daar moet natuurlik perke wees, maar soos dit deesdae gaan in die verhouding tussen die senior en die junior strek dit tot geeneen se voordeel nie. Die juniors regeer feitlik die skool deur hulle doen en late en as 'n senior optree, word daar gedreig met die kwaaiste straf moontlik, want hy het hom medepligtig gemaak aan ontgroening.

Die organisasie van die leerlingraad kan gerus weer oorweeg word. Daar word net verduidelik „bring julle probleme en ons sal dit oplos." Die leerlingraad gaan wel daaroor praat, maar sonder enige sukses.

Ek hoop maar net dit sal in die toekoms beter gaan onder die oorheersende regering.

„Ongelukkige Affie."

## Wees uniek

Die Redakteur,

Ek skryf aan u omdat ek alles probeer doen wat die massa nie doen nie. Waarom volg ons altyd die massa, waarom kan ons nie ons eie opinie vorm en huldig nie?

Ek reken die hoofoorsaak van hierdie toestand is die feit dat ons lui is. Ons is te lui om te dink! Ons lees (?) en ons sien maar ons dink nie na daaroor nie.

Hoeveel van ons het al werklik gaan ondersoek instel waarom ons aan 'n sekere kerk behoort? Ons is nie instaat om ons saak te verdedig uit oortuiging nie want ons volg blindelings.

Verskeie matrieks kan in die volgende verkiesing stem, maar hoeveel gaan uit oortuiging hulle kruisie trek? Omdat pa en ma se stem, stem ek ook maar so! Laat ons liewer ondersoek instel en ons nie laat lei deur die menigte nie. Onthou die massa is nie altyd reg nie.

Wees 'n wakker, jong, denkende Afrikaner met 'n unieke uitkyk op die lewe, die enigste waarborg op 'n toekoms!

**Affie.**

(L.W. „Affie", sorg net dat jy saam met die massa in jou eksamen slaag!)

## Ruk reg Affies

Die Redakteur,

Aangesien ek self 'n rugbyspeler is, weet ek tog te goed hoe 'n groep ondersteuners 'n mens oor die doellyn kan help en wil ek graag my mening lug oor dié jaar se ondersteuning.

Om die saak reg aan te pak, moet ons nie draaitjies loop nie. Ek kan maar net sê dat daar net 'n klein groepie ware Affies is. Dit is maar elke keer dieselfde groepie gesigte wat bymekaar gesien word. Die jaar toe ek in std.6 was en daardie trotse 15 wit bulle op die slagveld gedraf het, het daar duisende Affies vanaf die pawiljoen gebulk.

Aan die begin van die jaar was die ondersteuning maar pateties, maar dit het baie verbeter toe daar besef is dat die eerste span vanjaar die ding gaan doen.

Ons weet almal dat 'n ketting net so sterk is as die swakste skakel, net so is die ondersteuning so goed soos die van die matrikulante. Ons kry baie „Affies" wat net in die skool is om na vyf jaar weer uit te wees, gelukkig is daar ouens soos M. Brummer wat iets vir die skool voel en die ouens bymekaar kan hou.

Ruk reg Affies!

O.N. der Steun.

## Dankie

Geagte Redakteur,

Hiermee wil ek graag mnr. Terblanche en sy kollegas bedank vir alles wat hulle gedoen het i.v.m. die Kermis. Namens al die Affies wil ek net sê ons het dit baie geniet en ons sien uit na nog so 'n gebeurtenis.

Die uwe,

Kermis-Affie.

# AFFIES SE EIE DON JUANS

- Uiteindelik het iemand vir C.P. vasgekeer. Baie geluk met jou vangs, René
- Roy bly maar vasbyt met sy C.R. Swart-meisie.
- Ettienne het toe ook sy eerste meisie aangekeer. Geen wonder sy ogies blink deesdae so nie.
- Marcel en Erna wil maar nie moeg word vir mekaar nie.
- Barnie het Affies se alsydigheid bewys en op Rustenburg uitgespan.
- Tallies en Anké wil-wil deesdae afhak. Wonder wanneer kom die deurbraak.
- Bert het natuurlik geen gras onder sy voete laat groei by Krina nie.
- Lieppies sê die Lytteltonasters bly maar die mooiste. Willie Ackerman stem blykbaar saam.
- Jurie en Piet trou blykbaar die dag as die skole sluit. Alles van die beste en onthou om 'n kaartjie te stuur.
- Henkie en Ansa kyk nog steeds elke môre by die busstop so diep in mekaar se oë.
- Op die koshuisfront gaan dit besonder goed. Schalk en Annemarie het toe uiteindelik by mekaar uitgekom terwyl Nelletjie en Hannelie self die pap dik aanmaak. Tussen Smiley en Nelia lyk dinge self rooskleurig.

# AVONTUUR OP DIE BERGKLIMTOER

'n Geskokte stilte daal oor die vermoeide bergklimmers. In volslae ongeloof staar die groep Mev. de Vos aan. Asof met 'n bevel draai almal se oë in die rigting van die angswekkende nou skeur wat loodreg vir veertig meter tussen twee wrede rotswande opskiet. Moet ons regtig daarin op?!

Met bewende broekspype begeef die eerste dappere haar tot die lewensgevaarlike klim teen die kille rotswande op. Deur 'n droë keel wurg sy haar ,,laaste'' woorde uit: ,,Sê seblief vir my ma ek het dapper gesterf!''

Twee en dertig paar verskrikte oë volg haar angstig. Sal sy bo uitkom? Die rotswande vreet haar hande. Versigtig klim sy. Nog net vyf meter hoër, vier, drie, twee, een . . . sy's bo! Vermoeid val sy agteroor op haar rugsak neer en gryp naarstiglik na 'n stuk sneeu om haar dorre lippe mee nat te maak. Menigeen slaak 'n sug van verligting!

Hanlie begin versigtig teen die gladde rotse uitklim. Die rugsak rem haar terug. Sy staan uiteindelik regopp en kyk met 'n sug na bo. Haar hande is krampagtig bokant haar kop aan 'n stuk wortel vasgeklem. Met knikkende knieë staan sy daar. Sweetdruppels rol langs haar slaap af. Versigtig wees! Voetjie vir voetjie beweeg sy boontoe. Die los klippe gly gevaarlik onder haar voete uit. Alle oë is op haar gerig.

Meteens weerklink daar 'n angsvolle uitroep van bo uit die kloof! Tessa het op 'n groot los rots getrap en dié kom al bokspringend met 'n dolle vaart afgerol. Hanlie is in die middel van die skeur. Beangs byt sy haar onderlip vas en klou vir al wat sy werd is. Haar hande is al rou geskraap. Sy koes net betyds en die tollende rots skiet rakelings by haar kop verby. Met die ruk van haar kop, trek haar rugsak haar van balans af. Sy gly! Verbouereerd gryp haar hande na 'n rotspunt. Sy hang soos 'n vink aan die rots.

Die skerp rotswande sny haar bene. Sy kners op haar tande en met rukkerige bewegings trek sy haarself stadig tot bo-op die rots. Sy hyg na haar asem. Haar arms en bene voel lame en weier om verder te beweeg. Vermoeid en uitgeput rig sy haarself egter weer op en klim met bewende spiere verder.

Hoe ons almal daar op is, weet ek nie, maar een feit bly staan soos 'n paal bo water, so 'n bergklimtoer in die Drakensberge maak 'n mens ryker aan iets wat geen ander toer jou kan leer nie.

,,Vasbyt en Aanhou!''

Cilna van Heerden,
St 9A


**Ken u al die voordele van 'n Volkskas-spaarrekening?**

'n Volkskas-spaarrekening is u eerste stap na finansiële onafhanklikheid. Sit elke maand 'n bedrag opsy — en u sal verbaas wees hoe gou dit aangroei. Boonop verdien u spaargeld die heeltyd rente.

Met u spaarboekie in u hand kan u dwarsdeur die land — by meer as 500 kantore — instap en sonder vooraf kennisgewing tot R100 trek. U is verlos van handevol kontantgeld wat kan voete kry. Wat 'n groot gerief as u op reis of met vakansie is!

Dis maar een van ons bankdienste. Daar's nog bykans 40 ander.

ARBEIDSAAMHEID

**VOLKSKAS**
BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)

**Die Bank vir alomvattende bankdienste.**
Meer as 500 takke dwarsdeur die land.
Verteenwoordig in 300 wêreldstede.



TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE

G & H LTD

POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?

KOM DAN NA GROENEVELD & HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

ONS SPESIALISEER IN:

- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGENEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE


# QUATRAINS

**To the teacher**

Think of the knowledge you have got . . .
You must agree, it is a lot.
Won't it just be a useless waste
To chuck it round for us to swot?

**To the military base**

Dear gunner number-so-and-so
Here's some advice before you go:
Girls love to hear you talk of them
And not tell army jokes, you know.

**To the teenybopper**


When a girl grows up to tandard eight
She giggles, blushes, starts to date
Though she might think the heartache fun,
The strain on all the rest is great.

**To the world**

Alas, the world goes down the drain
All nervy, queer, and kleptomane,
Nympho, schizo, hooked and wrecked,
Who says the normal ones are sane?

Rita Barnard

# SÓ HET ONS KERMIS GEHOU!







## ANDRÉ SMIT EERSTE

Die jaarlikse kadetkompetisie het op 12 Augustus plaasgevind. Die kadetorkes het lankal reeds begin oefen vir hierdie kompetisie. Die drilpeleton se oefenprogram is 'n bietjie in die wiele gery deur die siekte van mnr. Uys en mnr. Bahlman moes op kort kennisgewing oorneem.

In die kompetisie op 12 Augustus by C.R. Swart Hoërskool het die orkes derde in hulle afdeling gekom. Manne wat presteer het, was Piet Smuts, die tamboermajoor, wat 'n puik tweede plek verower het, Gerrit Jordaan (sytamboere) en derde plek, Steve Botha (basdrom) 'n derde plek, R. le Roux (tenoordrom) 'n derde plek, Kobus Rudolph (beuel) 'n tweede plek en Francois van den Berg (trompet) 'n tweede plek.

Die drilpeleton het bo verwagting goed presteer en 'n vierde plek in hulle afdeling verower. André Smit het 'n skitterende vertoning as sersant-majoor gelewer en 'n welverdiende eerste plek verower.

## Langasems Presteer

Landloop is eintlik 'n sportsoort wat sy ontstaan te danke het aan middel- en langafstandatlete wat gedurende die wintermaande fiks wou bly, en terselfdertyd sommer kompetisie wou hê. Later het dit ontwikkel tot 'n sportsoort op sy eie. Fiksheid en deursettingsvermoë gee hier die deurslag, maar die belangrikste bly nog gereelde en toegewyde oefening. Dié sportsoort het dan ook sommer diep wortel geskiet by Affies.

Vanjaar was dan ook sommer 'n baie suksesvolle jaar vir Affies se landloop. Die senior span (bo 15's) het die onderskeiding behaal om 3 uit die 4 liga byeenkomste te buit waar daar telkens sowat 9 skole deelgeneem het. Die Juniors (0/15) het hulle ook deeglik laat geld.


Die seniors het tweede in die liga geëindig na 'n naelskraapse neerlaag teen C.R. Swart.

Op die Noord-Transvaalse skolekampioenskappe was dit egter 'n perd van 'n heeltemal ander kleur. Hier het die senior span, wat nou heeltemal op sterkte was, met C.R. Swart afgereken om die beker te wen. Die juniors wat baie uitgedun was as gevolg van beserings, het 'n welverdiende derdeplek behaal. Die gekombineerde afdeling vir beide senior en junior is vir die tweede agtereenvolgende jaar weer deur Affies gebuit.

Wat individuele prestasies betref, het Jan Marais die skole landlooptitel vir junior seuns gewen. 3 van ons atlete nl. Jan Marais, Kobus Schoeman en Theuns Lichthelm is ook gekies om Noord-Transvaal tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te verteenwoordig.

Ten slotte net 'n woord van dank aan mnr. Vermeulen en mnr. van Schalkwyk wat intensief gemoeid was met die afrigting van ons manne.

,,Die Langasems''

**METRO CYCLE & TOYS**

Kerkstr. Oos 330. Tel. 2-2497.

ONS VERSEKER AFRIKAANSE HOËR MEISIES- EN SEUNSKOOL VAN ONS HEEL BESTE DIENS TE ALLE TYE!

**ONS SPESIALISEER IN REISIESFIETSE.** Ons staan bekend as handelaars in FIETSE, SPEELGOED en doen HERSTELWERK teen die billikste tariewe.

TAKKE:

Lynnwood Cycle Fair, h/v Roderick- en Acpineweg.
Les Marais Cycle Fair, Paul Krugerstraat 556.
Gesina Cycle Fair, Voortrekkerstraat 620.
Villieria Cycle Fair, Pierneefstraat 922.

## 'n Onvergeetlike Ondervinding

Gedurende die eerste week van die Juliemaand-vakansie, het ons en vier van ons ,,broers" en leerlinge van ander skole 'n vakansiekursus in die Natuurwetenskappe bygewoon. Hierdie kursus word jaarliks aangebied vir Matrikulante wat belangstel in die Wetenskap as 'n beroep. Die doel van die kursus was dan ook om ons 'n beter insig te gee in die omvang van die Wetenskapveld.

Ons het elke oggend om agt uur half verkluimd op die plein aangekom me 'n verslag in die hand. Met dr. C.M. Le Roux, ons kursusleier, aan die spits is ons hartlik ontvang by die W.N.N.R. Daar het ons met groeiende belangstelling waargeneem hoe kankernavorsing gedoen word en gehoor hoe ons eendag motors met pannetjies waterstof sal kan aandryf!

By die S.AB.S. het ons die massiewe hoogspanning-apparaat gesien en gebibber in 'n kamer van -°C.

Ons het vanaf YSKOR se wankelmoedige platvormpies die werke aanskou en op die koudste dag van die kursus 'n bietjie warm gekry.

By die Nasionale Chemiese Produkte Fabriek in Germiston het daar 'n informele atmosfeer geheers en alhoewel die droë ys naby ons ontplof het, was dit 'n leersame dag. Wie sal ooit daardie ,,welriekende" gistingsreuk vergeet?

Die hoogtepunt van die kursus was die laaste dag, toe ons die kernnavorsingsinstituut te Pelindaba besoek het. Ons het die massiewe kernreaktor gesien en ook die sterilisasie van voorwerpe deur middel van kobaltstrale.

In sy afwesigheid wil ons ons groot inspirasie en entoesias, dr. Le Roux, bedank vir die sorgsame reëlings wat hy getref het in verband met die vervoer en smullekker verversings. Hy het ons besiel en 'n lewende belangstelling by ons gaande gemaak.

Ons dank gaan ook aan die onderwyser/es wat dit vir ons moontlik gemaak het om hierdie kursus mee te maak.

S. du Plessis
P. Downhauser
M. Murray
St. 10

## FRENCH FROLICS

As head of the ENGLISH debating society, I was horrified to hear that one whole item in our Std. 8 and 9 English debate on the topic ,,MASS PRODUCTION — A BLESSING OR A CURSE?" was to be done in French.

It was only after I was informed it is part of our school's tradition to have a French item included in the Std. 8 and 9 English debate, that I was persuaded to allow it.

At the dress-rehearsal I was tempted to take back my permission as the whole item seemed to be a fiasco. However, it was then too late to have the programme changed, and I was forced to accept promises of the microphone being in order, the ,,Marseillaise" sung in the right key and various other miracles.

On the particular Friday night, we had almost come to the end of the programme when I was forced to the front of the stage where I had to announce "French Frolics" with my hands clasped firmly behind my back for fear my nervously bitten-off fingernails might be noticed.

The curtains opened, and ,,Voila!", there they were. The décor creating the French street-café atmosphere was just perfect with flower-vendors and typical Montmartre artists scattered all over the stage.

And then the singing began, with all effects and additions such as Jolie Jacqueline's alluring manner, the can-can girls, the maypole in "Alouette" and the smooth, sophisticated night-club singer all added up to a point where a climax seemed impossible, but was gained with the "Marseillaise" sung at full volume and in the right key.

The final product was a roaring success, and I feel it is my duty to congratulate and thank Miss de Wit and her Std. 8 pupils for this gay and refreshing contribution to the debate.

NIKI SMIT
Std. 10

## BOEKE EN DINGE

Ekselensie, die Hertogen! — Mej. Holtzhauzen.
King of Kilba — Mnr. Terblanche.
Drome van gister — Salige dae voor ons skool toe gekom het.
Maniak in my lewe — 'n swaar skooltas.
Die uur van verlange — Die naweek.
Oog om 'n oog — in die kantoor.
They found him dead — As jy uit die kantoor kom.
Reënboog in die skemering — Die Desembervakansie.
Een Zwerwer Verliefd — Skolier na naweek.
Droogte — voor die eksamen.
Sons and lovers — A.H.S.
Groen Hange — Vry periodes.
'n Lied in die wind — Skellende wekker 4:30 vm.
A blunt instrument — Skolier se brein gedurende eksamens.
The unfinished Clue — Onvoltooide eksamenvraestel.
Dae wat verby is — aan die einde van jou skoolloopbaan.
Temmers van die Noordweste — die onderwysers.
Valleie van verskrikking — Eksamenlokaal.
Reisigers na nêrens — Die skoliere.
Gekneusde Jaar — as jy matriek dop.

Irene Cassell 7E

## Help Asseblief

Geagte AFFIES,

Ek wonder of enigiemand my dalk kan help om my verlore broer genaamd Breker C.J. Selinahassa op te spoor. Ek sal u 'n kort beskrywing van my broer gee:

Hy het yl haartjies met 'n kroontjie wat altyd regop staan. (Ongelukkig kan ek u nie die kleur daarvan gee nie, aangesien hy van 'n goeie kleurskema hou en dit elke week kleur.)

Treffend is sy aristokratiese neus wat altyd 90° na regs gedraai is. U sal hom dadelik herken aan sy wye glimlag. (Ongelukkig moet ek noem dat hy geen tande het nie, nadat hy in 'n geveg met 'n Bull-dog betrokke was nie.) Sy forse liggaamsbou sal u aan Tarzan herinner.

Hy is baie lief vir sport en is 'n buitengewone aktiewe persoon.

As enige persoon iets van my broer weet, sal u my asseblief skakel. My nommer is: 11111112211. OF skryf aan:

Mej. Haselina Selinahassa,
Posbus 111111112211121,
Verlore Vallei,
êrens in nêrensfontein.

DIE REDAKSIE VAN STROOMOP SÊ BAIE DANKIE AAN ALMAL WAT BYDRAES GELEWER HET.

## THE WORLD

Alas, the world goes down the drain
All nervy, queer, and kleptomane,
Nympho, schizo, hooked and wrecked,
Who says the normal ones are sane?

Rita Barnard.

# RUGBY: OP PAD NA DIÉ BEKER

## Eers Elandspoort

Affies het in die semi-finaal van die Noord-Transvaal afdeling vir Elandspoort of Loftus met 28 teen 3 verslaan. Affies het sonder ses van sy staatmakers gespeel. Roy Earl was beseer, Gopsie se sleutelbeen was pas gebreek en André Smit het die span aangevoer.

Dit was nie 'n baie aanskoulike wedstryd nie, maar dit was tog 'n goeie oefening vir dit wat nog voorgelê het. Louis Hansmeyer, Marcel Raath (2) en Conrad le Roux (1) het drieë gedruk. Gerrie het twee strafskoppe behaal en twee doelskoppe.

Robbie Bekker het weer die tuig opgeneem en uitgeblink in die lynstane.

**F. van Wyk**

## en toe John Vorster

Afrikaans Hoër kom teen een van hulle gedugste teenstanders te staan, nl. John Vorster om die wenner van die Fritz Elofftrofee te bepaal. Die wenner van hierdie wedstryd sou dan deurdring tot die semi-finaal teen die Hoërskool Tom Naude.

Na 'n goeie beweging in die eerste helfte teken John Vorster eerste punte aan. Dadelik besef ons manne dat hulle teen 'n gedugte span speel en aanval na aanval word geloods. Grotendeels is die wedstryd onder die voorspelers bepaal aangesien John Vorster tienman rugby speel. Na 'n skrum op die opponente se kwartlyn breek Konrad le Roux pragtig en val tussen 'n warboel voorspelers oor vir ons eerste punte. Gerrie verses en ons loop voor 6-4. Op hierdie stadium geniet ons vir die eerste keer gebiedsvoordeel. Gerrie het sy skopskoen aan en slaag met nog 'n strafskop. Die halftyd telling dus: Affies 9 en John Vorster 4.

Weer eens, en soos dit ook in ander wedstryde plaasgevind het, kry Affies se fikse voorspelers die oorhand. Ons eerstes val knaend aan. Vicus Strydom bars uit 'n los skrum en begin hardloop. Hy voer die bal na Ettienne Hugo wat op sy beurt pragtig die verdediging trek en vir Marcel Raath oorstuur vir nog een van sy baie drieë hierdie seisoen. Gerrie verses. Telling: Affies 15 en John Vorster 4. John Vorster slaag met 'n strafskop en die eindtelling kom te staan ov 15 punte vir Afrikaans Hoër teenoor die 7 van John Vorster. Hiermee wen ons eerste span die Noord-Transvaalliga en derhalwe die Fritz Elofftrofee en nog 'n trappie nader aan die Administrateursbeker is betree.

VULPENNE
BALPUNTPENNE
EN TEKENAPPARAAT

altyd beskikbaar in groot verskeidenheid by die

VAN SCHAIK BOEKHANDEL

SUNNYSIDE – HATFIELD – LYNNWOODWEG

# HOE „KATVOET'S CORNER" SY NAAM GEKRY HET

Dinge wat in hierdie wedstryd gebeur het, kom gewoonlik net in Trompie-boeke voor, maar in een van die spanningsvolle wedstryde van die jaar, het feitlik die onmoontlike Affies se A-veldl plaasgevind. Dit was die laaste beweging van die dag, maar later hieroor.

Tom Naudé het ons vroeër geklop in atletiek en het dus 'n klein voorsprongetjie op geestelike gebied gehad maar dit het nie die Affies gestuit nie. Die eerste span het onder dawerende lawaai van die opgewonde skare op die veld gedraf. Vanaf die eerste afskop het Affies se voorspelers beheer oor die wedstryd gehad. Daar is min van ons agterlyn gebruik gemaak, maar Gerrie van Zyl het weer eens sy skopskoene aan en slaag met twee strafskoppe. L.M. Rossouw word vasgevat maar skop onder swaar druk vorentoe. Marcel Raath volg op en val op die bal vir 'n ekstra vier punte. Gerrie se korrel is in en die eerstes loop voor met 12 punte teenoor 0. Dit was 'n goeie voorsprong maar dit het die spelers 'n bietjie te gerus gemaak.

Tom Naué val die tweede helfte verwoed aan en neem ook beheer van die bal oor. Die Oostelike pawiljoen raak stil en kyk verslae toe hoedat Tom Naudé onverbeterlik speel en na 'n hartbrekende, wanhopige probeerslag van Gerrie van Zyl om die bal dood te druk nadat hy gegly het, op die bal val en voorloop met 14 punte teenoor 12. Ettienne Hugo word meegedeel dat daar slegs twee minute spel oor is; dus beseringstyd. Affies skop diep af en onder druk word Tom Naudé gedwing om uit te skop.

Op hierdie stadium was die tyd feitlik verby (slegs 40 sekondes oor). Louis Hansmeyer gooi die bal in en Hendrik Marx rank pragtig en die bal beweeg uit na Nico van Rensburg, na Konrad le Roux, Ettienne Hugo (wat wou skop), na L.M. Rossouw wat die verdediging trek en die bal na Katvoet voer en wat op kenmerkende wyse ooplê doellyn toe. Die Oostelike pawiljoen se dak was op hierdie stadium af en toe Katvoet sy twintigste drie hierdie seisoen druk, het daar feitlik chaos geheers. Vandaar „Katvoet's Corner". Die eindtelling: Afrikaans Hoër 16, Tom Naudé 13.

# 'N GESLAAGDE NETBALSEISOEN

**WEEREENS het ons aan die einde van 'n baie suksesvolle netbalseisoen gekom. Deur die jaar was daar goeie samewerking in die klub gewees, met suksesvolle wedstryduitslae. Die senior A het deurgedring tot die finaal, maar moes knie buig vir Piet Potgieter wat hulle gewen het. Senior B het ook deurgedring tot die finaal en is die wenners van die Noord-Transvaal liga sowel as Transvaal. Hierdie span het gesorg dat A.H.M. die Rita trofee vir die vierde agtereenvolgende jaar neem. Nog twee ander spanne het goed gespeel nl. die onder 14 A wat ook die wenners van die Noord-Transvaal is.**

Ons kan trots wees op die netbalklub, want daar het ses van ons speelsters Noord-Transvaal kleure gekry nl. Marietjie Erasmus, Annemarie Buchner, Christine Steyn, Estelle Meyer, Susan le Roux wat die kapteine van die senior B is en dan Ida van Niekerk wat gedurende 'n oefening net voor die finaal haar knie beseer het en toe vir ongeveer ses weke buite aksie was.

Graag wil ons net namens die netbalklub vir Mej. R. Ferreira baie dankie sê vir wat sy vir ons deur die seisoen gedoen het. Sonder haar hulp en bystand sou ons nie bereik het, wat ons bereik het nie.

**Charlotte v.d. Berg**

## DIE LAASTE DAG . . .

# KYK HOE VIER ONS FEES



*Moenie die radio sagter sit nie, man!*



*Laat ons eers klaar kou, dan sal ons glimlag.*



*Bobbejaan!*



*Wie gaan die „Chips" kry?*

## HEERLIKE TENNISTOER

Saterdagoggend, 19 Maart, het nege opgewonde tennisspeelsters, onder leiding van mejj. Swart en Hönck na Rustenburg vertrek. Die oggend sou ons teen Rustenburg Hoërskool speel en dan die res van die naweek by Rondalia se vakansie-oord, Buffelspoort deurbring.

Die Rustenburgers het ons baie hartlik ontvang. Hulle het vanjaar 'n gedugte span gehad en sou ons seker swaar laat leef het as die wedstryde nie weens reën gestaak moes word nie.

Op Buffelspoort was ons gou tuis in die rondawels. Die swembad het heerlike lafenis gebied en vir die wat dapper genoeg was, was daar die geleentheid om te gaan perdry.

Die aand het ons braaivleis gehou. Hierdie aspirant kooksters het met groot wyshede vorenda gekom wat vuurmaak en braai betref.

Die aand was daar groot pret. Daar was 'n dans en op 'n afstand het ons, ons verkyk aan die sakkie-sakkie dansers.

Moeg maar baie gelukkig het ons die Sondagmiddag in Pretoria terug gekom.

R.B. 10F


- Reisbenodigdhede
- Briewetasse
- Opsaal
- Hakdiens
- Reparasies

**DRAKES**

Kerkstr.-Oos, Pretoria.

# TENNIS: ONS MAAK SKOONSKIP

**WEENS** die goeie aantal 0/15 spelers wat Affies vanjaar bygekry het, kon daar twee spanne vir die appletiser-kompetisie ingeskryf word. Die eerste Appletiser span bestaan uit Johan Kriek en Ian Duvenhage en die tweede span bestaan uit wouter Labuschagne en Kobus Visser. Hierdie twee spanne was tot dusvêr besonder suksesvol en het albei hulle afdelings gewen. Dit sal heel moontlik meebring dat hulle sal moet uitspeel om te bepaal wie die skool op Stellenbosch sal gaan verteenwoordig.


In die Bo-15 afdeling is daar, vir die eerste keer, vanjaar 'n Administrateursbeker af te speel. Om hierdie beker te kan inpalm, het bepaal dat Affies eers die Noord-Transvaalse afdeling moes wen. Dit het egter nie so maklik gegaan nie omdat ons teenstanders, Boys High, baie gedugte teenstanders was en die wedstryd tot aan die einde in die weegskaal. Aan die einde van die wedstryd toe die punte opgetel is, is gevind dat dit gelyk was. Daar is toe besluit om 'n dubbelspel uitspeelrondte te laat plaasvind. Hier het die Affies in die stof gebyt en Boys High het gewen. Danksy Tienie Prinsloo se toegewydheid, het hy die aand toe hy die hele patroon ontleed het, die punte weer opgetel en gevind dat daar verkeerd opgetel is en dat Affies wel gewen het. Die uitspeel wedstryde was dus nie van krag nie. Daar is toe met Boys High geskakel en die saak is aan hulle verduidelik. Danksy hul sportmanskap het hulle die wedstryd aan Affies toegeken.

Hiermee is toe deurgedring as wenners van die Noord-Transvaalse afdeling. Ons het toe teen Verre Noord se wenners, Tom Naude te staan gekom. Hier was ons seëvierend asook teen die wenners van die westelike streek, Rustenburgse Hoërskool.


In die semi-finaal het ons teen Hoërskool Edenvale te staan gekom en het hulle met 5-3 verslaan om sodoende deur te dring tot die finaal op 16 September teen die wenner van die Suid-Transvaalse afdeling.

Dit is ons hartewens dat Affies die gesogte beker wat vir die eerste keer op die spel is, 'n tuiste sal bied en ons wens ons eerste span sterkte toe en alles van die beste. Ouens, ons almal hou julle dop!!

Ek wil ook graag die skool se gelukwense rig aan Johannes Theron en Tienie Prinsloo wat gekies is vir die Noord-Transvaalse tennisspan. Hartlik geluk! Ons is trots op julle!!



*Ons kampioenspan: v.l.n.r. C. Neethling, T. Prinsloo, M. Lotz en J. Joubert.*



*Ons kampioene in aksie: Tinie Prinsloo stuur die bal met 'n netjiese rughand oor die net.*

## Administrateursbeker: Die Botsing Teen Nelspruit



*Die stryd van die reuse ...... en Robbie net hom!*



*In die oond het dit maar woes gegaan — maar Affies kon die bal telkens uitkry.*

Die redaksie van STROOMOP wens al die personeel en leerlinge van AFFIES 'n aangename vakansie toe.

VIR DESKUNDIGE, FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS: KOM NA

**BOET READ SPORT**

VOLLEDIGE SPORTUITRUSTERS

TEL.: 3-1149
Pretorium-deurloop 11
PRETORIA